Faks Aan:	ESC Administrateur
Faks No:	(011) 202-9508
Tel No:	(011) 797-5591
E-pos:	support@silocerts.co.za

AANSOEKVORM

REGISTRASIE VAN ESC OMSKAKELING/TELEFOON VERHANDELINGS DIENS

REKENING BESONDERHEDE	
ESC Rekening Naam:	
ESC Rekening Nommer:	Kontak Persoon e-pos adres:
Gemagtigde Kontak Persoon:	Kontak Persoon Faks nommer:
(wie hieronder teken)	Kontak Persoon Telefoon nommer:
DIENSTE (merk geselekteerde dienste)	
ESC Papier Omskakelings **sien nota 1**	Ja: _____ Nee: _____
"Teletrade" **sien nota 2**	Ja: _____ Nee: _____ (uitgesluit selfone verplaas tussen netwerke)
Vir doeleindes van die "Teletrade" diens, genomineerde selfoon nommer:	
TOESTEMMING EN MAGTIGING	
Die Aansoeker gee toestemming aan Silo Certs (Edms) Bpk ("Silo Certs") en die verteenwoordigers om te kontrolleer, intersep, noteer en om alle kommunikasie middele, van enige nature te gebruik tussen die Aansoeker en Silo Certs. Die Aansoeker magtig hiermee die relevante netwerk operateur om Silo Certs of die genomineerde te voorsien van alle selfoon rekords soos versoek deur Silo Certs met betrekking tot die "Teletrade" dienste soos hierbo uiteengesit.	
TERME EN VOORWAARDES	
Nota 1: ESC Papier Omskakelings: die Aansoeker erken met aanvaarding van die aansoeker se registrasie, dat die aansoeker hulself blootstel aan 'n minder veilige papier omgewing en sal bestuur word d.m.v. papier silosertifikate; en word hiermee gebind aan die terme en voorwaardes soos uiteengesit op elke genoemde silosertifikaat. **Nota 2: Teletrade: verwys na Silo Certs Terme vir Gebruik vir Teletrade (Weergawe 1.0.0 hierby aangeheg)**	

Die dienste hierin uiteengesit is onderhewig aan Silo Certs terme en voorwaardes en is uitsluitlik ge-inkorporeer in die vorm en 'n integrale deel van die ooreenkoms tussen Silo Certs en die Aansoeker. Ek bevestig dat ek die applikasie vorm en Terme gelees en verstaan het. Alle informasie deur my verskaf in die vorm is waar en korrek. Indien my applikasie aanvaar is deur Silo Certs, verstaan ek dat ek gebonde is deur die applikasie vorm gelees met die terme.

Handtekening: _____ Datum: _____

Wie waarborg dat hy/sy gemagtig is hiertoe

Silo Certificates (Eiendomsreg) Beperk:

Teletrade Terme van Gebruik

Weergawe: [1.0.0]

Die Deelnemer wens hiermee om elektroniese silosertifikate te aktiveer via ‘n mobiele foon deur middel van die gebruik van SMS (“Teletrade” dienste). Deur die registrasie vir die gebruik van “Teletrade” dienste, en elke keer wanneer die Deelnemer gebruik maak van “Teletrade” dienste, stem die Deelnemer hiermee in om gebind te word deur die Terme, wat ‘n bylae is tot die Hoof Deelnemer Ooreenkoms, waaraan hierdie diens onderhewig is.

1. **Registrasie:** Voordat die Deelnemer geregtig sal wees om “Teletrade” dienste te gebruik sal die Deelnemer eers ‘n aansoekvorm moes voltooi het en wat deur “Silo Certs” aanvaar is vir die gebruik van “Teletrade” dienste. “Silo Certs” behou die reg om ‘n aansoek om registrasie te weier vir enige rede wat ook al. Nieteenstaande enige iets wat tot die teendeel hierin ingesluit is, sal die Deelnemer verantwoordelik wees vir alle kostes wat voortspruit van die gebruik deur enige persoon van “Teletrade” dienste hetsy of nie sodanige gebruik gemagtig is of was deur die Deelnemer.
2. ‘n Instruksie om ‘n elektroniese silosertifikaat oor te plaas of te proseseer sal aan die “Silo Certs” dienssentrum operateur (“Operateur”) gegee word. Op aanvraag, deur die operateur, sal die Deelnemer die nodige inligting soos versoek deur die operateur verskaf aan die Operateur (“inisieer ‘n transaksie”). Die “Silo Certs” sisteem stuur hierna ‘n sms aan die Deelnemer op sy genomineerde selfoonnommer soos uiteengesit in die aansoekvorm ter bevestiging van die besonderhede van die handeling wat uitgevoer moet word. Hierna sal dit van die Deelnemer vereis word om die transaksie by wyse van ‘n sms te magtig, **wat teen prima koers bereken kan word om die koste van die diens te subsideer**, vanaf die selfoon nommer. By ontvangs van die beantwoording van die SMS word dit beskou dat die Aansoeker die transaksie gemagtig het (“magtiging van ‘n transaksie”).

2.1 Die Deelnemer magtig “Silo Certs” om enige instruksies ten uitvoer te bring met die bedoeling om afkomstig te wees van die Deelnemer se genomineerde selfoon nommer hetsy sulke instruksies gestuur of gemagtig was deur die Deelnemer of nie. ‘n Operateur kan op eie oordeel weier om ‘n instruksie ten uitvoer te bring sonder om redes daarvoor te verskaf. “Silo Certs” sal nie verantwoordelik wees waar ‘n Operateur so ‘n oordeel uitvoer nie.

2.2 “Silo Certs” behou die reg om te enige tyd enige aspek van “Teletrade” dienste te verander of te ontbind sonder enige kennisgewing.

3. Die deelnemer erken dat alle inligting, instruksies en toestemming en enige ander kommunikasie (gesamentlik, “Kommunikasie”) wat voorgee dat dit oorspronklik van die Deelnemer, of ‘n persoon wat die magtiging gehad het, om namens die Deelnemer te handel in respek van sodanige kommunikasie of ‘n inligting stelsel wat geprogrameer is by of namens die Deelnemer om automaties te funksioneer (gesamentlik ”die Opsteller”) en wat outomaties gestuur is en wat elektronies gestuur is en wat kan (as gevolg van onderskepping, toerusting wat foutief funksioneer, die verdraaing van ‘n kommunikasie verbinding of enige ander rede wat ook al) verskil van die kommunikasie wat in werklikheid gestuur of gegee is, of glad nie gegee is deur die Deelnemer nie, sal geag word as gegee deur die Opsteller in die vorm wat werklik ontvang is en die Deelnemer sal gebind wees deur sodanige kommunikasie met geen aanspreeklikheid van watter aard ook al wat “Silo Certs” of enige derde party daartoe verbind nie. Die Deelnemer doen afstand van enige regte, wat die Deelnemer mag hê of verkry teen “Silo Certs”, wat direk of indirek voortspruit uit enige verlies of skade van watter aard ook al wat veroorsaak is of toegeskryf kan word aan “Silo Certs” of enige derde party wat die Deelnemer se kommunikasie beantwoord of kommunikasie uitstuur, met die bedoeling dat dit van die Deelnemer afkomstig is. Die Deelnemer vrywaar “Silo Certs” hiermee van alle en enige eise, verpligtinge, verliese, kostes, boetes, skade en skulde wat aangegaan is (hetsy direk of indirek) en wat veroorsaak en toegeskryf kan word aan die genoemde.
4. **Toestemming:** Die Deelnemer stem toe dat “Silo Certs” en/of sy verteenwoordigers meeluistering, notering en opneming as kommunikasie metodes kan gebruik tussen die Deelnemer en “Silo Certs”. Opname, bedoelende van die Deelnemer te wees en sal prima facie geag word, wat gemaak moet word deur die Deelnemer en die submissie van opnames sal prima facie toelaatbaar wees en ‘n akkurate refleksie van enige instruksie of kommunikasie.
5. **Kennisgewing:** Die Deelnemer kies, vir alle doeleindes verwant aan die terme, die adres soos uiteengesit in die Hoof Deelnemer Ooreenkoms.
6. **Beperking van Aanspreeklikheid:**

6.1 “Silo certs” sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies, aanspreeklikheid of uitgawes vir watter rede ook al wat veroorsaak is deur/of te wyte aan die gebruik van die “Teletrade” diens nie, hoe ook al ontstaan, ingesluit maar nie beperk tot die onvermoë van die “Teletrade” diens vir watter rede ook al. Deelnemers se onvermoë, om hul verpligtinge onderhewig aan hierdie Terme, uit te voer: omstandighede wat ‘n force majeure voorval uitmaak onder klousule 0 van hierdie Terme, die onverkrygbaarheid van enige telekommunikasie lyne en/of infrastrukture en/of die onvermoë en/of onverkrygbaarheid vir enige rede, watter rede ook al van enige hardeware, sagterware programme, bedienigsisteme, applikasies, netwerke, telekommunikasie lyne of enige ander rekenaar sisteem (of in enige komponent daarvan) en/of die onbeskikbaarheid vir watter rede wat ook al of enige dienste en/of hulpbronne van enige derde party, op wie “Silo Certs” en/of die Deelnemer staatmaak, (hetsy direk of indirek), om verpligtinge uit te voer volgens die voorwaardes van die terme, die verlies vir watter rede ook al insluitende die diefstal daarvan, van die Deelnemer se mobiele foon, die onakuraatheid van inligting wat op die foon verskyn, die onbeskikbaarheid van die netwerk dekking of van die produk genoem, geskille ten opsigte van eienaarskap van die produk: (iii) foutiewe inligting verskaf deur Silo Operateurs of Deelnemers of inligting, wat deur Deelnemers gekommunikeer word ten opsigte van inter alia, aard van die produkte en/of eienaarskap van die produkte.

6.2 Silo Certs sal nie aanspreeklik wees vir indirekte, spesiale of voortvloeiende skade hoe ook al voortgespruit (insluitend maar nie beperk tot die verlies van besigheid, verlies van inligting en/of verlies van winste) nie.

6.3 Die Deelnemer vrywaar en hou “Silo Certs” en sy offisiere, werknemers en agente skadeloos van alle eintlike of onseker verliese, aanspreeklikhede, skade, kostes (ingesluit wetlike kostes op die skaal as geag tussen prokureur en eie kliënt te wees en enige addisionele, wetlike kostes) en uitgawes van enige aard wat ook al wat “Silo Certs” mag ly of op die hals haal as ‘n resultaat van of in verband met die handeling of weglatings van die Deelnemer.

6.4 “Silo Certs” verskaf geen waarborge en/of ondernemings in respek van die “Teletrade” diens nie, ingesluit ten opsigte van die eienaarskap, kwaliteit, en kwantiteit van die Produkte waarna die Elektroniese silosertifikate betrekking het en so prosesseer. “Silo certs” waarborg nie dat die Deelnemer se toegang en gebruik van die “Teletrade” dienste gevrywaar is van onderbrekings, foute, tegniese onakkuraatheid, probleme of ander beperkings en dat die “Teletrade” diens beskikbaar sal wees na-ure of gedurende normale werksure nie.

6.5 In die geval van enige eis teen “Silo Certs” sal dit ‘n opskortende voorwaarde tot sodanige eis wees dat ‘n geskrewe kennisgewing van sodanige eis aan “Silo Certs” gemaak sal word so gou as moontlik en in geen geval meer as dertig (30) dae na die eis opgekom het nie en ‘n eis, ten opsigte daarvan, binne een (1) jaar nadat die eis opgekom het, gebring sal word.

7. **Deelnemer Waarborg:** Die Deelnemer waarborg die wetlikheid en korrektheid van enige opdrag gegee deur, en wie wetlik die eienaar van enige silosertifikate is wat oorgeplaas is, of wat gemagtig is om sulke oorplasings via “Teletrade” dienste te doen. Die deelnemers sal te alle tye optree in goeie geloof en sal nie toelaat dat enige ongemagtigde party die “Teletrade” dienste gebruik nie of enige ongemagtigde toegang gegee word tot die inligting waartoe hulle nie geregtig is nie.
8. **Jurisdiksie en keuse van Wetgewing:** Hierdie voorwaardes sal bestuur en gekonstueer word in ooreenstemming met die wette van die Republiek van Suid Afrika. Die Deelnemer stem hiermee toe tot die eksklusiewe jurisdiksie van die Hooggeregshof van Suid Afrika in respek van enige dispute wat kan ontstaan in konneksie met die Terme of enige verwante voorval daarby.
9. **Force Majeure:** Indien een van die twee partye (“Geaffekteerde party”) verhoed of beperk met die uitvoering van al of enige van sy pligte onder die Voorwaardes by konstitusie van ‘n force majeure voorval dan sal daardie party kwytgeskeld word van sy verpligtinge onder die Voorwaardes gedurende sodanige tydperk met gegewe dat, indien die force majeure voorval voortgaan vir langer as veertien (14) dae, dan sal die ongedwonge party die reg hê om hierdie ooreenkoms te kanselleer. ‘n Voorval van force majeure sal beteken dat enige voorval of omstandigheid wat nie binne die redelike beheer van die geaffekteerde pary is nie, insluitend die aftyd en/of onbeskikbaarheid of enige eksterne telekommunikasie fasiliteite of infrastuktuur, krag onderbreking en die handeling of uitlating van enige derde party diensverskaffers.
10. **Oordrag:** “Silo Certs” sal die reg voorbehou om al sy regte of van sy regte en verpligtinge onder hierdie voorwaardes te sedeer, toe te wys of te delegeer na ‘n derde party.